higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N6

(6030196)

21 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye en 4 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES SORGVULDIG DEUR VOORDAT JY DIE VRAE BEANTWOORD. KANDIDATE, VRA DIE TOESIGHOUERS OM TE VERDUIDELIK INDIEN IETS NIE DUIDELIK IS NIE OF JY NIE VERSTAAN NIE.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings waarvan TWEE voltooi moet word. Let asseblief op die keuses:

   AFDELING A: Teorie (50 punte) (HIERDIE AFDELING IS VERPLIGTEND)
   Hierdie afdeling word met pen op die antwoordblad, wat aan die einde van die vraestel verskaf is, beantwoord.

   OPSIONEEL:

   AFDELING B: Woordverwerking (150 punte)
   Hierdie afdeling word met 'n woordverwerkingsprogram op rekenaar gedoen.
   Alle DRUKSTUKKE moet korrek geïdentifiseer word en die EKSAMENNOMMER, REKENAARNOMMER en die VRAAGNOMMER moet, soos aangedui, op elke DRUKSTUK gedruk word (nie geskryf nie).

   OF

   AFDELING C: Sigblad (150 punte)
   Hierdie afdeling word met 'n sigbladprogram op rekenaar gedoen.
   Alle DRUKSTUKKE moet korrek geïdentifiseer word en die EKSAMENNOMMER, REKENAARNOMMER en die VRAAGNOMMER moet, soos aangedui, op elke DRUKSTUK gedruk word (nie geskryf nie).

2. Die tydaanwysing vir die vraestel is DRIE uur. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om antwoorde te druk of te skryf (AFDELING A) nadat die eksamen voltooi is nie.

3. In geval van 'n kragonderbreking of 'n hardewareweiering (rekenaar, muis, monitor of drukker), sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bereken en vir die kandidaat(e) bygevoeg word.

Kopiereg voorbehou

4. Indien daar 'n probleem met enige drukker is wat nie korrek druk nie of nie spesiale karakters of lettertipes druk nie, moet 'n verslag hieroor die sentrum se antwoordblaaie vergesel.

5. ASCII-kodes en die speltoetser mag gebruik word.

6. Alle DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Elke antwoord moet op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word.

7. Alle DRUKSTUKKE moet op A4-papier gedruk word tensy 'n ander papiergrootte versoek word.

8. Slegs EEN DRUKSTUK (of stel DRUKSTUKKE, indien die antwoord op meer as een bladsy gedruk is) mag vir nasien ingedien word. Indien meer as EEN ingedien word, sal slegs die boonste DRUKSTUK (stel DRUKSTUKKE) nagesien word. Dit res sal as duplikate gemerk word.

9. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE in dieselfde volgorde as in die vraestel in die EKSAMENOMSLAG geplaas en aan die toesighouer(s) oorhandig word. DRUKSTUKKE moet asseblief nie gekram word nie.

10. Alle DRUKSTUKKE wat nie ingedien word om nagesien te word nie, moet aan die einde van die sessies deur die toesighouer(s) ingeneem en voor die einde van dieselfde dag vernietig word. Geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjies geplaas word nie.

11. By AFDELING B en C mag slegs fontgrootte 12 pt gebruik word, tensy 'n ander grootte aangedui word of waar sigblaaie (AFDELING C) groot is en op EEN bladsy moet inpas. By AFDELING B moet die kantruimtes 2,54 cm/1" wees, tensy anders aangedui.

12. Kandidate word daaraan herinner om alle werk op die rekenaar met gereelde tussenposes te stoor om die verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te voorkom. Geen bykomende tyd sal toegelaat word indien werk verlore sou raak nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te stoor.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde antwoorde te druk, word kandidate daaraan herinner om hul werk na elke afsonderlike vraag en op gereelde tussenpose te stoor voordat dit gedruk word.

14. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat alle DRUKSTUKKE, die teorie-antwoordblad asook die skyf met gestoorde antwoorde, wat duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER gemerk is, indien (dit is in gevalle waar kandidate 'n skyf gebruik het). Indien die kandidate se antwoorde op 'n hardeskyf of netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) alle antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en alle antwoorde moet van die hardeskyf of netwerk geskrap word. Hierdie kompakskywe/geheuestokkies moet vir ten minste SES maande se veilige bewaring by die kampus se eksamenafdeling ingedien word, ingeval daar enige navrae mag wees. Hierdie kompakskywe/geheustokkies moet nie vir nasien ingedien word nie.

Kopiereg voorbehou

15. Alle vraestelle moet ingedien word en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word voordat ten minste EEN uur na die aanvang van die laaste sessie verloop het nie. Hierdie vraestelle mag na voltooiing van die eksamen aan die kandidate terugbesorg word.

16. In die geval waar 'n eksamenlokaal vir meer as een sessie gebruik moet word, moet die toesighouer(s) verseker dat alle kandidate se antwoorde van die netwerk/hardeskywe af geskrap is voordat die kandidate in die volgende sessie mag begin.

17. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk nie, mag nie sy/haar geheuestokkie of data op die hardeskyf/netwerk aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak om daartoe toegang te verkry nie, of mag nie tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander se inligting te bekom of om inligting in enige vorm na mekaar oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou en as 'n eksamen-onreëlmatigheid hanteer word. Sodanige gevalle sal formeel ondersoek word en mag lei tot die terughouding van kandidate se uitslae.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE OPDRAG VOORDAT JY OMBLAAI

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE (VERPLIGTEND)

INSTRUKSIES AFDELING A

1. HIERDIE AFDELING MOET OP DIE ANTWOORDBLAAIE WAT AAN DIE EINDE VAN DIE VRAESTEL VERSKAF IS, BEANTWOORD WORD. ONTHOU OM JOU EKSAMENNOMMER OP DIE EERSTE BLADSY VAN DIE ANTWOORDBLAD TE SKRYF. VERWYDER DIE ANTWOORDBLAD VAN DIE VRAESTEL EN PLAAS DIT IN JOU EKSAMENOMSLAG SODRA DIT VOLTOOI IS.

2. Lees en volg die volgende instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord al VIER vrae.

4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

5. Skryf asseblief netjies en leesbaar.

VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

Lees die scenario's hier onder en beantwoord die vrae.

1.1 Mense of personeel is een van die basiese elemente van 'n inligtingstelsel. Noem enige VYF ander elemente van 'n inligtingstelsel. (5)

1.2 Stelsellogs is kontroles om rekenaarbedrog te voorkom. Noem enige VYF ander beheermaatreëls om die manipulasie van data (rekenaarbedrog) te voorkom. (5)

1.3 Behalwe direkte aankope, noem enige DRIE ander metodes om verskaffers te betaal wanneer 'n rekenaar aangeskaf word. (3)

1.4 Noem enige TWEE voordele om 'n rekenaar direk te koop bo die ander metodes om 'n rekenaar te koop. (2)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

Gebruik die opsies in die skermdruk van die beheerpaneel-ikone hier onder om die vrae te beantwoord deur die antwoorde op die ANTWOORDBLAD te skryf.

Jy mag die beheerpaneel-toepassing op jou stelsel oopmaak en die soekfunksie gebruik om jou te help.



2.1 Stel jou nuwe drukker op om die verstekdrukker vir alle programme te wees.

2.2 Verander die tydperke om die vertoon van jou monitor af te skakel of wanneer die rekenaar moet slaap.

2.3 Pas aan of verander die datum en tyd van jou rekenaar.

2.4 Jy is by die plaaslike winkelsentrum en wil daar aan die draadlose netwerk koppel.

2.5 Verwyder die verouderde Adobe Reader-program om 'n bygewerkte weergawe te laai.

2.6 Verander jou Windows-wagwoord.

2.7 Voeg 'n nuwe gebruiker of 'n bykomende gebruiker op die rekenaar by.

2.8 Verander die muisinstellings om die regterhandse knoppie die verstekknoppie te maak, bv. vir 'n linkshandige persoon.

2.9 Installeer of bring veranderinge aan vir die gebruik van jou digitale pen, bv. enkel- of dubbeltik.

2.10 Stel jou spraakherkenning (speech recognition) en -gebruik op jou rekenaar op, wat die opstelling van die mikrofoon en spraaktutoriale insluit.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: VIRUSSE

Lees en beantwoord die onderstaande vrae.

3.1 Noem enige VYF simptome van moontlike rekenaarvirusinfeksies. (5)

3.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBLAD neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Hierdie virusse val uitvoerbare lêers aan	A	Michelangelo
3.2.2	'n Onaktiewe lêer wat op 'n spesifieke datum en tyd aktiveer	B	dormante tydperk
3.2.3	'n Virusstadium wanneer 'n virus homself vermeerder en versprei	C	ontsmettingstadium
3.2.4	'n Simptoom van 'n virusinfeksie	D	Kaspersky
3.2.5	Hierdie virusse val selflaaisektore van hardeskywe aan	E	installeer wagwoord: beperk toegang tot rekenaar
3.2.6	'n Virus wat op 6 Maart, Michelangelo se geboortedatum, aktiveer	F	lêervirusse
3.2.7	'n Metode om rekenaarvirusinfeksie te voorkom	G	Friday the 13th
3.2.8	'n Virusstadium net nadat die virus aan die gasheer gekoppel het	H	bedek die rekenaar met 'n plastiek-oortreksel
3.2.9	'n Voorbeeld van 'n teenvirusprogram	I	rekenaar is stadig
3.2.10	'n Virus wat aktiveer as die 13de op 'n Vrydag val	J	logikabom
		K	voortplantingstadium
		L	selflaaivirusse

(10 × 1) (10)

[15]

VRAAG 4: FOUTOPSPORING

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBLAD.

4.1 Wanneer jou drukker nie druk nie, is daar twee kabels om na te gaan: die kragkabel na die skakelaar toe en die kabel van die rekenaar na die drukker.

4.2 Indien die koordlose muis nie werk nie, vervang die battery.

4.3 Indien die muis 'n kabel het maar nie werk nie, help dit om die muisballetjie te verwyder en die rollers skoon te maak.

4.4 Wanneer die monitor dood is, mag die video-aansluitstuk foutief wees.

4.5 Indien die sleutelbord nie funksioneel is nie, mag dit wees dat die sleutelbord vuil is.

4.6 Kabels, bv. kragkabels en drukkerkabels raak nooit onklaar nie en kabels bly altyd volkome funksioneel.

4.7 Die foutboodskap 'The program is not responding' dui daarop dat daar te veel programme loop. Jy kan sommige van die programme toemaak deur CTRL + ALT + SHIFT te druk.

4.8 Die foutboodskap 'The disk in the destination drive is full' kan reggestel word deur die rekenaar af en aan te skakel en te probeer om die lêer weer te kopieer.

4.9 Die foutboodskap 'The file being copied is too large for the destination drive' kan reggestel word deur die kopieer-opdrag weer uit te voer.

4.10 Die foutboodskap 'General failure error reading drive A:' kan reggestel word deur 'n antivirusprogram te laat loop om vir virusse te kontroleer.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

KANDIDATE MOET AFDELING B OF AFDELING C BEANTWOORD

AFDELING B: WOORDVERWERKING

INSTRUKSIES

1. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig voordat jy dit beantwoord.

2. Gebruik Courier New 12 pt, behalwe waar anders aangedui is.

3. Die volgende inligting moet as KOPSKRIF op elke bladsy verskyn:

Belyn die VRAAGNOMMER teen die linkerkantruimte	Belyn jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die regterkantruimte.

4. Gebruik die datumfunksie om alle datums in te voeg.

5. Plaas alle DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG. Dien slegs EEN DRUKSTUK per vraag in.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Skep 'n briefhoof wat deur die CDC gebruik word om inligting te verskaf.

1. Herwin die lêer, CDC, uit die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS-lêergids.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Gebruik kantruimtes van 1,27 cm/0,5".

4. Redigeer die dokument hier onder en op die volgende bladsye soos dit in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui word.

5. Gebruik Arial 12 pt.

6. Voeg 'n horisontale lyn van 1 pt bo van die linker- na die regterkantruimte in.

7. Laat TWEE reëlafstande en voeg DRIE kolomme in soos aangedui:
   Kolom 1: 5,08 cm/2"
   Kolom 2: 8,89 cm/3,5"
   Kolom 3: 3,81 cm/1,5"
   Spasies tussen die kolomme: 0,63 cm/0,25"

CDC: Sentrum vir die beheer en voorkoming van siektes
‡
Oor die CDC 24-7 → *Voeg as opskrif in kolom 1 in*

Sentreer die opskrif in vetdruk, kursief, 16 pt en bokas. Voeg 'n tekskassie met 'n dubbelrand van die linker- na die regterkantruimte om die opskrif in en voeg 10% grys beskaduïng in.

Sommige van die ergste Pandemies in die geskiedenis: → *Voeg as opskrif in kolom 2 in*



→ *Voeg hierdie prent in kolom 3 in*

8. Sleutel die volgende teks in en manipuleer die teks soos deur die proefleestekens hier onder aangedui:

   Kolom 1:
   Laat TWEE reëlafstande na die opskrif 'Oor die CDC 24-7' en sleutel die volgende teks in:
   Leierskap
   Organisasie
   Missie en Visie
   CDC-sprekers
   Befondsing en Skenkings
   Lewenstekens
   Openbare Gesondheid Grand Rounds

Verander die opskrif na bokas, vetdruk, 10 pt
Sentreer die teks onder die opskrif in kolom 1, 10 pt

VRAAG 5 (VERVOLG)

Kolom 2:
Laat TWEE reëlafstande na die opskrif 'Sommige van die ergste Pandemies in die Geskiedenis:' en sleutel die volgende teks in:

MIV/VIGSpandemie (op die ergste, 2005–2012)
Sesde Cholerapandemie (1910–1911)
Asiatiese Griep (1956–1958)
Grieppandemie (1918)
Antoniniaanse Plaag (165 n.C.)
Justiniaanse Plaag (541–542)

Verander die opskrif na bokas, vetdruk, 10 pt
Regsbelyn die teks onder die opskrif in kolom 2, 10 pt

Kolom 3:
Voeg die gegewe prent gesentreerd in kolom 3 in. Voeg 'n dubbelrand om die prent in en verander die prent se grootte na 2,54 cm/1" wyd en 3,81 cm/1,5" hoog.

9. Laat TWEE reëlafstande na die prent en verander na een kolom. Voeg, van die linker- na die regterkantruimte 'n horisontale lyn van 1 pt in.

10. Voeg 'n voetnota soos volg in:

    10.1 Voeg 'n dubbele horisontale lyn van 1½-pt van die linker- na die regterkantruimte in.

    10.2 Voeg die volgende teks in vetdruk, kursief en 8 pt na dubbele horisontal lyne in: Voorbereiding van noodwerkers, gesondheidswerkers en gesondheidstelsels

11. Stoor die lêer as UITNOOI.

12. Druk die dokument op EEN portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMEN-OMSLAG.

[30]

VRAAG 6A

Berei die volgende datadokument voor om met ander dokumente saam te voeg (merge):

	BRIEF 1	BRIEF 2	BRIEF 3
DOKTER	Morris	Kovalczyk	Landau
TITEL	Professor	Doktor	Mnr.
LAND	Suid-Afrika	Verenigde Koninkryk	Egipte
SPESIALITEIT	Kardiologie	Pulmonologie	Nefroloog
DATUM 1	1 Julie 2021	2 Julie 2021	3 Julie 2021
LUGREDERY	Suid-Afrikaanse	Virgin	Qatar
SESSIE	Een	Twee	Drie
TYD	10:00	VRAAG 6A	EKSAMENNOMMER

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6A (VERVOLG)

1. Gebruik Bookman Old Style 11 pt.

2. Jy mag 'n woordverwerkingsprogram of 'n databasisprogram gebruik om hierdie lêer te skep.

3. Verander die bladsy-oriëntasie na landskap.

4. Verseker dat al die inligting in die tabel sigbaar is en in EEN reël verskyn. Verseker dat die teks in die velde NIE omvou nie.

5. Verseker dat die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER in die TYD-veld van BRIEF 2 en BRIEF 3 soos aangedui op vorige bladsy, verskyn. Moenie jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER as kopskrif invoeg nie.

6. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

7. Stoor die lêer as KENNERS.

8. Druk die dokument op EEN landskapbladsy en verseker dat geen inligting behalwe dié in die tabel gedruk word nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(10)

VRAAG 6B

Gebruik die lêer, CDC, wat jy in VRAAG 5 geskep het om 'n primêre dokument vir die saamvoeg van die databron, KENNERS, wat jy in VRAAG 6A geskep het.

1. Herwin die briefhoof, UITNOOI.

2. Verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na VRAAG 6B.

3. Laat twee reëlafstande onder die briefhoof en verander die lettertipe na Agency FB 12 pt vir alle teks daar onder. Laat die briefhoof se lettertipe as Arial.

4. Sleutel die dokument hier onder en op die volgende bladsy in soos in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui is.

5. Voeg die veldnaam in vetdruk in soos in die brief aangedui. Moenie die hakies ([ ]) wat ingesluit is om die veldname aan te dui, insleutel nie.

6. Voeg die volgende teks in die vierde paragraaf ná die woord 'COVIC-19' as voetnota in vetdruk en kursief in:
Die koronavirussiekte 2019 (COVID-19) is 'n oordraagbare asemhalingsiekte wat deur 'n nuwe lyn van die koronavirus siekte by mense veroorsaak.

   Gebruik a. as die formaat van die voetnota.

VRAAG 6B (VERVOLG)

7. Verseker dat die briefhoof en die brief op EEN A4-portretbladsy inpas.

8. Stoor die lêer as SEMINAAR.

9. Druk die dokument op EEN bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

‡
Voeg die stelseldatum gesentreerd in
‡
Geagte **[TITEL] [DOKTER], [LAND]**
‡
As gevolg van die koronaviruspandemie het mense oor die hele wêreld meer bewus geword van beste praktyke tydens 'n pandemie – van die sorgvuldige was van hande tot sosiale afstandhouding. Lande oor die wêreld het verpligte tuisblymaatreëls, die sluit van skole, ondernemings en openbare plekke afgedwing. Dosyne maatskappye en nog meer onafhanklike navorsers het aan toetse, behandelings en entstowwe begin werk. Die menslike ras se pogings om die pandemie te oorleef het die primêre bekommernis in die wêreld geword.
‡
Ons nooi u graag om op **[DATUM_1]** om **[TYD]**, sessie **[SESSIE]** aan die internasionale simposium in New York deel te neem om insette in **[SPESIALITEIT]** by te dra, aangesien ons die insette in **[SPESIALITEIT]** in **[LAND]** hoog op prys stel.
‡
Ons sal graag u reiskoste met die **[LUGREDERY]** lugredery vanaf **[LAND]** na die Verenigde State en terug betaal.
‡
Om die risiko van die verspreiding van COVID-19 te verminder, spoor gesondheidskenners mense aan om:

Voeg 'n voetnota na die woord COVID-19 in

‡
Gereeld hul hande vir ten minste 20 sekondes deeglik met water en seep te was.
Om hul monde en neus met 'n snesie te bedek wanneer hulle nies of hoes, of om die binnekant van die elmboog of mou te gebruik.
Direkte kontak met oppervlakke wat gereeld aangeraak word, soos hysbakknoppies in openbare plekke, te vermy.
Vermy om met ongewaste hande aan die oë, neus en mond te raak.
Tuis te bly as hulle siek is en hul kinders ook tuis te hou indien hulle siek is.
Oppervlakke in die huis en persoonlike items soos selfone skoon te maak.

Sorteer die teks alfabeties en voeg kolpunte van jou keuse in

‡
Die uwe
‡
Dr. Gerard Butler
Epidemioloog
CDC, New York

(24)

VRAAG 6C

1. Gebruik die saamvoegfunksie van die woordverwerkingsprogram om die uitnodigings na die verskillende spesialiste saam te voeg. Om dit te doen, moet jy die databron wat jy in VRAAG 6A geskep het en die primêre dokument wat jy in VRAAG 6B geskep het, gebruik.

2. Nadat die drie briewe saamgevoeg is, verander die VRAAGNOMMER van die saamgevoegde briewe na VRAAG 6C.

3. Verseker dat die voetnota op al DRIE briewe as a. aangedui word.

4. Alle saamgevoegde velde moet in vetdruk wees.

5. Stoor die saamgevoegde briewe as SEMINAAR6C.

6. Druk die saamgevoegde dokumente op DRIE afsonderlike bladsye en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

(6)

VRAAG 6D

1. Maak 'n nuwe dokument oop en skep etikette vir die verskillende pandemies.

2. Skep 12 etikette, 4 kolomme en 5 rye. Jy mag die volgende etiket gebruik:
   LABEL VENDOR: AVERY A4/A5
   PRODUCT NUMBER: J5101

3. Verseker dat jy landskaporiëntasie gebruik.

4. Gebruik Broadway 10 pt vir die hele dokument.

5. Vertoon die randte (borders) van al die etikette.

6. Voeg die woord 'Pandemie' op al die etikette as opskrif in vetdruk, kursief, 16 pt en regsbelyn in.

7. Gebruik die databron wat jy in VRAAG 6A geskep het om die volgende velde gesentreerd in die volgende volgorde op die etikette saam te voeg:
   [TITEL]
   [DOKTER]
   [SPESIALITEIT]
   [LAND]

8. Voeg die VRAAGNOMMER hoofletters, gesentreerd op die tweede laaste etiket in en jou EKSAMENNOMMER gesentreerd op die laaste etiket.

9. Stoor die saamgevoegde etikette as SEMINAAR6D.

10. Druk die etikette op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

1. Herwin die lêer, PANDEMIE, uit die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS-lêergids. 'n Kopie van hierdie lêer verskyn op bladsy 16-18.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

4. Redigeer die dokument hier onder en op die volgende bladsye soos dit in die instruksies en volgens die proefleestekens aangedui word.

5. Verander die lettertipe van die hele dokument na Tahoma 12 pt.

6. Skep 'n styl genaamd, PANDEMIE, vir alle vlak 1-paragraafopskrifte en formateer soos volg: linksbelyn, bokas, vetdruk, kursief en onderstreep. Pas hierdie styl op alle vlak 1-paragraafopskrifte toe.

7. Gebruik outomatiese paragraafnommering om die paragrawe te nommer soos in die teks aangedui word.

   Paragrawe wat met 'n * gemerk is, is hoofparagraafopskrifte (vlak 1), ** dui subparagraafopskrifte (vlak 2) aan, ensovoorts.

   Gebruik die volgende paragraafnommeringstyl vir die vier vlakke, 1 tot 4:
   1. (Inkeping teen 0,99 cm/0,39") – alle vlak-1 paragraafnommers moet in vetdruk en kursief wees
   1.1. (Inkeping teen 1,25 cm/0,49")
   1.1.1. (Inkeping teen 1,75 cm/0,69")
   1.1.1.1. (Inkeping teen 2,25 cm/0,89")

   Verseker dat alle paragraafnommers teen die linkerkantruimte belyn is.

8. Voeg die volgende eindnota in vetdruk, kursief en 10 pt in soos aangedui:
   Algemeen as 'griep' bekend, is die algemeenste simptome 'n loopneus, seer keel, spier- en gewrigspyn, hoofpyn, hoes en uitputting.

9. Voeg die DRIE bladsybreuke in soos en waar aangedui.

10. Voeg die vergelyking in soos aangedui. Sentreer die vergelyking en voeg van die linker- na die regterkantruimte 'n dubbelrand om die vergelyking in.

11. Gebruik die soek-en-vervang-funksie om die woord 'Pandemie' te soek en dit met die woord 'Epidemie' te vervang in vetdruk, dubbelonderstreep en bokas.

12. Voeg die volgende voetnota in vetdruk, kursief en 10 pt in soos aangedui:
    'n Besmetlike en dikwels dodelike bakteriesiekte van die ingewande, wat gewoonlik as gevolg van besmette water opgedoen word en wat erge braking en diarree veroorsaak.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7 (VERVOLG)

13. Stoor die lêer as EPIDEMIE.

14. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG.

Sentreer die opskrif, vetdruk en 16 pt. Voeg 'n enkelrandtekskassie om die opskrifteks alleen in en voeg 10% beskaduïng in.

Pandemie: Die wydverspreide voorkoms van siekte

*MIV/VIGS-pandemie

**Dodetal: 36 miljoen mense

**Oorsaak: MIV/VIGS

***Dit is die eerste keer in 1976 in die Demokratiese Republiek van die Kongo geïdentifiseer.

***Hoogtepunt van die pandemie: 2005-2012

***Die grootste meerderheid geïnfekteerde mense is in Afrika suid van die Sahara, waar 5% van die bevolking geïnfekteer is, nagenoeg 21 miljoen mense.

****Namate bewustheid gevorder het, is nuwe behandelings ontwikkel wat MIV baie meer hanteerbaar maak en baie van dié wat geïnfekteer is, leef produktiewe lewens.

*GRIEPpandemie

**Dodetal: 1 miljoen mense

Voeg 'n eindnota na die woord, 'GRIEPpandemie' in. Gebruik C as die eindnotanommer

**Oorsaak: Influensa

***Die eerste geval is op 13 Julie 1968 in Hong Kong aangemeld.

***Hoewel die pandemie in 1968 'n relatief lae sterftesyfer (5%) gehad het, het dit steeds tot die dood van meer as 'n miljoen mense gelei, insluitend 500 000 van Hong Kong, ongeveer 15% van die bevolking in daardie tyd.

---------- Voeg 'n bladsybreuk na hierdie paragraaf in ----------

*ASIATIESE-GRIEPpandemie

**Dodetal: 2 miljoen mense

**Oorsaak: Influensa

***China in 1956.

***In die vlaag van twee jaar het die Asiatiese Griep vanaf die Chinese provinsie, Guizhou, na Singapoer, Hong Kong en die Verenigde State versprei.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7 (VERVOLG)

*GRIEPpandemie

**Dodetal: 20–50 miljoen mense

**Oorsaak: Influensa

***Tussen 1918 en 1920 het 'n dodelike uitbreking van die griep oor die hele aardbol voorgekom wat meer as 'n derde van die wêreldbevolking geïnfekteer het.

***Meer as 500 miljoen mense is in die 1918-pandemie geïnfekteer, die sterftesyfer is as 10% tot 20% gereken met meer as 25 miljoen sterftes in die eerste 25 weke alleen.

****Wat die 1918-grieppandemie van ander griepuitbrekings onderskei het, was die slagoffers; dit het begin deur taai, gesonde jong volwassenes te tref, terwyl kinders en mense met swakker immuunstelsels dit vrygespring het.

*SESDE CHOLERA-pandemie

**Dodetal: 800 000+ mense

**Oorsaak: Cholera → *Voeg 'n voetnota hier in met 2 as die voetnotanommer*

***Het in 1910 in Indië ontstaan.

***Amerikaanse gesondheidsowerhede, wat uit die verlede geleer het, het vinnig begin om die geïnfekteerdes te isoleer en slegs 11 sterftes het in die V.S.A. voorgekom.

---------- Voeg 'n bladsybreuk na hierdie paragraaf in ----------

Verander hierdie bladsy na landskap. Voeg twee parallelkolomme met 'n lyn tussenin in. Sentreer die bladsy vertikaal.

*Asiatiese-grieppandemie → *Kolom 2*

**Dodetal: 1 miljoen mense

**Oorsaak: Influensa

***Die eerste gevalle het in Mei 1889 in drie afsonderlike, afgeleë liggings, Bukhara in Sentraal-Asië, Athabasca in noord-westelike Kanada en Groenland waargeneem.

***Dit was die eerste ware epidemie in die bakteriologiese era en baie is daaruit geleer.

*DERDE CHOLERA-pandemie → *Kolom 1*

**Dodetal: 1 miljoen mense

**Oorsaak: Cholera

***Dit het in 1852 in Indië ontstaan.

***'n Britse geneesheer, John Snow, het cholera-gevalle nagespoor en uiteindelik daarin geslaag om besoedelde water te identifiseer as die medium waardeur die siekte oorgedra word.

---------- Voeg 'n bladsybreuk na hierdie paragraaf in ----------

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7 (VERVOLG)

*DIE SWART-DOODpandemie

**Dodetal: 75–200 miljoen mense

**Oorsaak: Builepes

***Vanaf 1346 in Europa, Afrika en Asië.

*JUSTINIAANSE-PLAAGpandemie

**Dodetal: 25 miljoen mense

**Oorsaak: Builepes

***Het in die jaar 541 in Europa begin.

****Die Justiniaanse plaag was 'n uitbreking van builepes.

*ANTONINIAANSE-PLAAGpandemie

**Dodetal: 5 miljoen mense

**Oorsaak: Onbekend

***Het in die jaar 541 in Klein-Asië, Egipte, Griekeland en Italië ontstaan.

****Hierdie onbekende siekte is deur soldate wat van Mesopotamië af teruggekeer het as Pokkies of Masels na Rome teruggebring wat die Romeinse leër afgemaai het.

*WAT VAN COVID-19 (DIE NUWE KORONAVIRUSPANDEMIE)?

**Die infeksiekoers styg steeds.

**Oorsaak: Onbekend

***Dit het in Desember 2019 in die Wuhan-streek, China, begin.

****Met die Koronaviruspandemie het mense oor die hele wêreld meer bewus geword van beste praktyke tydens 'n pandemie, soos sorgvuldige was van hande tot sosiale afstandhouding.

Laat twee reëlafstande en voeg die vergelyking soos hier onder aangedui, gesentreerd in

$$Herstel \ = \ [2 \ Negatiewe \ Toetse^{\leq 24 \ Uur}] \ of \ \frac{Simptome \ Opgelos}{< 14 \ Dae}$$

[34]

VRAAG 8

1. Herwin die lêer, EPIDEMIE, wat jy in VRAAG 7 gestoor het.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Kantruimtes moet 1,27 cm/0,5" wees.

4. Verander die lettertipe van die hele dokument na Century Schoolbook 12 pt.

5. Redigeer die dokument soos hier onder aangedui:
MANIPULASIE VAN BLADSY 1:

   5.1 Redigeer die opskrif 'EPIDEMIE: Die wydverspreide voorkoms van siekte' soos volg:

   Redigeer die enkelrandtekskassie na 'n dubbelrand en maak die beskaduïng donkerder.

   5.2 Laat 2 reëlafstande en sleutel die volgende opskrifte in:

   INHOUDSOPGAWE in 16 pt, vetdruk, kursief en linksbelyn.
   BLADSYNOMMER in 16 pt, vetdruk, kursief en regsbelyn.

   5.3 Onderdruk die vertoning van bladsynommers op hierdie, die eerste bladsy.

   5.4 Laat 2 reëlafstande en skep 'n inhoudsopgawe deur die volgende in te sluit:

   Merk alle vlak 1-opskrifte
   Merk alle vlak 2-opskrifte waar na die oorsaak van die EPIDEMIE verwys.
   Manipuleer die inhoudsopgawe soos volg: skrap die vlak 2-opskrifte van die eerste DRIE vlak-1 opskrifte.

   5.5 Gebruik gidsstippels. Bladsynommers moet regsbelyn wees.

   5.6 Voeg 'n bladsybreuk na die inhoudsopgawe in.

   MANIPULASIE VAN BLADSY 2 (DIE BLADSY WAT OP DIE INHOUDSOPGAWE VOLG):

   5.7 Voeg 'n bladsynommer bo, gesentreerd, tussen die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER in dieselfde reël in. Die bladsynommer moet met nommer 11 begin en moet in vetdruk en kursief wees.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8 (VERVOLG)

5.8 Sentreer dié bladsy vertikaal.

5.9 Skrap die eindnota na die woord 'GRIEPEPIDEMIE'.

MANIPULASIE VAN DIE LAASTE BLADSY:

5.10 Voeg 'n bladsybreuk na die laaste paragraaf in (Wat van COVID-19).

5.11 Sleutel die woord 'INDEKS' in 16 pt, vetdruk, kursief en gesentreerd in.

5.12 Laat TWEE reëlafstande na die woord 'INDEKS' en skep die indeks met die volgende woorde (in hierdie volgorde):

China, EPIDEMIE, griep, Indië, Influensa, mense, ontstaan, Oorsaak

5.13 Gebruik twee kolomme. Bladsynommers moet regsbelyn wees met gidsstippels. Manipuleer die bladsynommers só dat die bladsynommer van die inhoudsopgawe waar hierdie woorde mag voorkom, nie vertoon nie.

5.14 Stoor die lêer as INFLUENSA.

5.15 Druk slegs bladsy 1 (INHOUDSOPGAWE), die tweede bladsy wat as bladsy 11 genommer is en die laaste bladsy (INDEKS) en plaas die DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG.

[36]

TOTAAL AFDELING B: 150

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: SIGBLAD

INSTRUKSIES

1. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig deur voordat jy dit beantwoord.

2. Gebruik Arial 10 pt, behalwe waar anders aangedui.

3. Die volgende inligting moet as KOPSKRIF op elke bladsy verskyn:

   Belyn die VRAAGNOMMER teen die linkerkantruimte

   Belyn jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER teen die regterkantruimte

4. Gebruik die datumfunksie om alle datums en tye in te voeg.

5. Verwys na die waardes wat herhaal moet word deur absolute selverwysings te gebruik.

6. Alle DRUKSTUKKE moet op EEN A4-bladsy inpas. Indien 'n sigblad nie op EEN portretbladsy inpas nie, mag landskaporiëntasie gebruik of die kantruimtes aangepas word, behalwe waar anders aangedui.

7. Plaas alle DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde in jou EKSAMENOMSLAG. Dien slegs EEN DRUKSTUK per vraag in.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9A

Na aanleiding van die kommer oor die pandemies in die wêreld, moet jy 'n visuele aanbieding in die vorm van grafieke oor COVID-19-statistieke aanbied.

1. Herwin die lêer, COVID19, uit die REKENAARPRAKTYK N6\ STUDENTELÊERS-lêergids.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Skep 'n gemengde grafiek om die TOTAAL HERSTEL en die AKTIEWE GEVALLE te toon. Vertoon die data oor die TOTAAL HERSTEL as 'n kolomgrafiek en die data oor AKTIEWE GEVALLE as 'n lyngrafiek.

4. Vertoon die grafiek as 'n voorwerp onder die sigblad en herskaleer (resize) die grafiek vanaf sel A10 tot J26.

5. Vertoon die data soos volg op die grafiek:

    5.1 Grafiektitel: COVID-19 STATISTIEKE in vetdruk, kursief, bokas en Century Schoolbook 16 pt. Voeg 'n tekskassie om die grafiektitel in. Belyn die grafiektitel links bo die grafiek.

    5.2 Vertoon al die data-etiketwaardes op die grafiek. Vertoon die data-etikette van TOTAAL HERSTEL onder (base end) en die data-etikette van AKTIEWE GEVALLE bokant.

    5.3 Vertoon die twee legendes aan die regterkant van die grafiek.

    5.4 Voeg die volgende X-as-titel in: Lande met die meeste infeksies

    5.5 Voeg die Y-as-titel in: Getalle aangeteken

    5.6 Die X-as moet die lande vertoon en die Y-as moet die aangetekende getalle toon.

    5.7 Voeg vertikale en horisontale roosterlyne in.

6. Stoor die grafiek as V9ACOVID.

7. Sentreer die DRUKSTUK vertikaal en horisontaal. Druk die grafiek en die data op EEN landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(18)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9B

1. Herwin die lêer, COVID19, uit die REKENAARPRAKTYK N6\ STUDENTELÊERS-lêergids. (Dit is dieselfde lêer as die een wat jy in VRAAG 9A gebruik het.)

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Skep 'n sirkelgrafiek om die AKTIEWE GEVALLE te toon.

4. Vertoon die data soos volg op die grafiek:

5. Grafiektitel:

    5.1 LANDE MET DIE MEESTE COVID-19 GEVALLE in vetdruk, kursief, bokas en Broadway 16 pt. Voeg 'n tekskassie om die grafiektitel in. Belyn die grafiektitel links bo die grafiek.

    5.2 Vertoon die kategoriename en die persentasies as data-etiketopsies op die grafiek aan die buitekant (outside end).

    5.3 Vertoon die legendes aan die regterkant van die grafiek.

    5.4 Lig die VK-segment uit (explode).

6. Voeg 'n rand om die grafiek in.

7. Stoor die grafiek as V9BCOVID.

8. Druk die grafiek as 'n nuwe blad op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(15)
[33]

VRAAG 10A

Jy is versoek om 'n vergelyking van COVID-19 statistiek in die verskillende wêreldlande te doen.

1. Herwin die lêer, STATS, uit die REKENAARPRAKTYK N6\ STUDENTELÊERS-lêergids.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10A (VERVOLG)

4. Redigeer die dokument op bladsy 25 soos in die instruksies aangedui en/of volgens die proefleestekens. Sleutel die bykomende teks in soos aangedui.

5. Moenie die ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Verseker dat jy enige bykomende teks in die selle soos aangedui, insleutel. Moenie enige bykomende rye of kolomme invoeg nie, tensy dit so aangedui word.

6. Voeg die prent, VIRUS, uit die REKENAARPRAKTYK N6\STUDENTELÊERS-lêergids in sel K1 in. Voeg 'n dubbelrand om die prent in. Verander die grootte van die prent na 2,54 cm/1" breed en 3,81 cm/1,5" hoog.

7. Voeg formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen:

   A Ken die naam 'PANDEMIE' aan die verwysingstabel (reference table) in selle A13:C19 toe. Gebruik hierdie verwysingstabel en die toepaslike funksie om die TYD VAN UITBREKING-kolom wat op die PANDEMIES-kolom gebaseer is, te bereken en te vertoon.

   B Gebruik hierdie verwysingstabel en die toepaslike funksie om die ONGEVALLE IN MILJOEN-kolom wat op die PANDEMIES-kolom gebaseer is, te bereken en te vertoon.

   C Ken die naam 'PLAE' aan die verwysingstabel in selle E12:K13 toe. Gebruik hierdie verwysingstabel en die toepaslike funksie om die TYD VAN PLAAG-kolom wat op die PANDEMIESE PLAE-kolom gebaseer is, te bereken en te vertoon.

   D Bereken die DUUR VAN DIE PLAAG IN JARE.

   E Bereken die DUUR VAN PLAAG IN MAANDE deur die DUUR VAN DIE PLAAG IN JARE te gebruik.

   F Gebruik die toepaslike funksie om die totaal van AANTAL PLAE te bepaal. Vertoon die antwoord as 'n heelgetal.

8. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

9. Voeg alle vertikale en horisontale randte in soos aangedui.

10. Voeg die volgende voetskrif gesentreerd, vetdruk, kursief en 16 pt in: Pandemie: die wydverspreide voorkoms van siekte

11. Stoor die sigblad as V10ASTATS.

12. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1	Uitbreking: Sommige van die Ergste Pandemies in die Geskiedenis			**Hoofopskrif: Sentreer, 16 pt**				**Voeg die prent, Virus, in sel K1 in**			
2											
3				**Sentreer opskrifte in ry 4 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon, vetdruk**							
4	**PANDEMIES**	**TYD VAN UITBREKING**	**ONGEVALLE IN MILJOEN**	**PANDEMIESE PLAE**	**TYD VAN PLAAG**	**TYD WAT PLAAG BEGIN HET**	**EINDE VAN PLAAG**	**DUUR VAN PLAAG IN JARE**	**DUUR VAN PLAAG IN MAANDE**		
5	VIGS-pandemie en -epidemie	A	B	Cocoliztli-epidemie	C	1545	1548	D	E		
6	Asiatiese Griep			Groot Plaag van London		1665	1666				
7	Grieppandemie			Groot Plaag van Marseille		1720	1723				
8	Justiniaanse Plaag			Plaag van Athene		430	433				
9	Spaanse Griep			Plaag van Ciprianus		250	271				
10	Die Swart Dood			Russiese Plaag		1770	1772				
11	AANTAL PLAE	F									
12	**Regsbelyn**			**Reeksnaam: PLAE**	**PANDEMIESE PLAE**	Cocoliztli-epidemie	Groot Plaag van London	Groot Plaag van Marseille	Plaag van Athene	Plaag van Ciprianus	Russiese Plaag
13	**PANDEMIES**	**TYD VAN UITBREKING**	**ONGEVALLE IN MILJOEN**		**TYD VAN PLAAG**	1545-1548	1665-1666	1720-1723	430-433 v.C.	250-271 n.C.	1770-1772
14	VIGS-pandemie en -epidemie	1981-vandag	36								
15	Asiatiese Griep	1957-1958	2,1								
16	Grieppandemie	1889-1890	1								
17	Justiniaanse Plaag	541-542 n.C.	25	**Reeksnaam: PANDEMIE**							
18	Spaanse Griep	1918-1920	500								
19	Die Swart Dood	1346-1353	200								
20											

Sentreer opskrifte in ry 12 en 13 (soos aangedui) horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon, vetdruk

(27)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 10A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer, V10ASTATS.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 10B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat alle kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon en dat die formules/funksie nie afgesny is nie.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Verskuil kolomme A, F en G en die twee verwysingstabelle.

6. Skrap die voetskrif en die prent.

7. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

8. Stoor die sigblad as V10BSTATS.

9. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(16)
[43]

VRAAG 11A

Jy is versoek om projeksies te maak oor lenings wat tydens COVID-19 aangegaan is om salarisse vir sleutelpersoneel te dek, en ook oor moontlik besparingsopsies vir jou maatskappy.

1. Sleutel die sigblad in presies soos dit op bladsy 28 verskaf word, en beantwoord die vrae hier onder.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui word.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

4. Redigeer die dokument hier onder en op bladsy 28 soos in die instruksies aangedui is en/of volgens die proefleestekens. Moenie die ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Moenie enige bykomende rye of kolomme invoeg nie, tensy dit so aangedui word.

5. Voeg formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen:

   A Bereken die TOTALE BEDRAG deur die LENINGSBEDRAG PER WERKNEMER (gebruik absolute selwaardes) met SCENARIO 1, 2 en 3 te vermenigvuldig.

   B Bereken die MAANDELIKSE BETALING deur die toepaslike funksie te gebruik.

   C Bereken die JAARLIKSE BETALING.

   D Bereken die TOTALE BETALING.

   E Bereken die TOTALE RENTE BETAAL.

   F Bereken die TOEKOMSTIGE WAARDE VAN BESPARINGS deur die toepaslike funksie te gebruik.

   G Bereken die BESPARINGS SONDER RENTE.

   H Bereken die RENTE VERDIEN.

   Vertoon ALLE antwoorde in vetdruk.

6. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

7. Stoor die sigblad as V11APMT.

8. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	WÊRELDGESONDHEIDSORGANISASIE: FINANSIËLE BYSTANDPANDEMIE								
2									
3	COVID-19 FINANSIËLE HULPSKEMA AAN MAATSKAPPYE WÊRELDWYD								
4									
5	TYDPERK VAN LENING IN JAAR		SCENARIO 1		10				
6			SCENARIO 2		12				
7			SCENARIO 3		15				
8									
9				TOTALE BEDRAG	JAARLIKSE RENTEKOERS VAN LENING	MAANDELIKSE BETALING	JAARLIKSE BETALING	TOTALE BETALING	TOTAAL RENTE BETAAL
10	LENINGSBEDRAG PER WERKNEMER:	R700 000,00	SCENARIO 1	**A**	25%	**B**	**C**	**D**	**E**
11			SCENARIO 2		25%				
12			SCENARIO 3		25%				
13									
14									
15	NOODFONDSBESPARINGS								
16									
17	PERIODE VAN BESPARING		JAARLIKSE RENTEKOERS	MAANDELIKSE BEDRAG TE SPAAR	TOEKOMSTIGE WAARDE VAN BESPARINGS	BESPARINGS SONDER RENTE	RENTE VERDIEN		
18		12	6,50%	R500,00	**F**	**G**	**H**		
19		24	6,50%	R500,00					
20		36	6,50%	R500,00					
21		48	6,50%	R500,00					

Sentreer opskrifte in ry 9 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos aangedui

Sentreer opskrifte in ry 17 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos vertoon

(15)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 11A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer, V11APMT.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 11B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat alle kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon en dat die formules/funksies nie afgesny is nie.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Verskuil kolom A en B en ry 1, 2, 3 en 4.

6. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

7. Stoor die sigblad as V11BPMT.

8. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(17)
[32]

VRAAG 12A

Jy is versoek om 'n ontleding te doen van die lande wat deur die COVID-19 virus geaffekteer is.

1. Herwin die lêer, COVID uit die REKENAARPRAKTYK N6\ STUDENTELÊERS-lêergids.

2. Voeg die VRAAGNOMMER en jou EKSAMENNOMMER en REKENAARNOMMER as kopskrif in soos in die instruksies aangedui is.

3. Verander die bladsy-uitleg na landskaporiëntasie.

4. Redigeer die dokument op bladsy 32 soos in die instruksies aangedui is en/of volgens die proefleestekens. Sleutel die bykomende teks in soos aangedui.

5. Moenie die ry- en kolomopskrifte vertoon nie. Dit word bloot getoon om te verseker dat jy die korrekte seladresse gebruik. Verseker dat jy enige bykomende teks in die selle soos aangedui, insleutel. Moenie enige bykomende rye of kolomme invoeg nie, tensy dit so aangedui word.

6. Voeg formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen:

   A Bereken die AKTIEWE GEVALLE deur TOTAAL HERSTEL van TOTALE GEVALLE TOT OP DATUM af te trek.

   B Bereken die % GEÏNFEKTEER. Vertoon die antwoord as persentasie met TWEE desimale.

   C Gebruik die toepaslike funksie om te bepaal of die LAND GROOT/KLEIN is. Indien die BEVOLKING meer as sewentien miljoen is, moet die antwoord die LAND se naam vertoon. Indien nie, moet die antwoord as 'KLEIN LAND' vertoon.

   D Gebruik die toepaslike funksie om die RISIKO-AANSLAG te bepaal. Indien die TOTALE GEVALLE TOT OP DATUM meer as vyftig duisend is, moet die antwoord as 'HOË RISIKO' vertoon. Indien dit minder is, moet die antwoord as 'LAE RISIKO' vertoon.

   E Gebruik die toepaslike funksie om die STATUS VAN HERSTEL te bepaal. Indien die TOTAAL HERSTEL meer as dertig duisend is, moet die antwoord as 'GOEIE HERSTEL' vertoon. Indien dit minder is, moet die antwoord as 'STADIGE HERSTEL' vertoon.

   F Gebruik die toepaslike funksie om MEESTE GEVALLE te bepaal.

   G Gebruik die toepaslike funksie om die MINSTE GEVALLE te bepaal.

   H Gebruik die toepaslike funksie om die GEMIDDELDE GEVALLE te bepaal.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 12A (VERVOLG)

7. Kopieer die formules/funksies na die ander selle soos aangedui.

8. Sorteer die sigblad volgens die TOTALE GEVALLE TOT OP DATUM met alle ooreenstemmende data, van die laagste na die hoogste.

9. Voeg alle vertikale en horisontale randte in soos aangedui.

10. Stoor die sigblad as V12ASTATS.

11. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(24)

VRAAG 12B

Die doel van hierdie vraag is om die formules/funksies wat jy in VRAAG 12A gebruik het, te vertoon.

1. Herwin die lêer V12ASTATS.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na 12B.

3. Vertoon die formules/funksies. Verseker dat alle kolomme wyd genoeg is om die formules/funksies volledig te vertoon en dat die formules/funksies nie afgesny is nie.

4. Vertoon ry- en kolomopskrifte.

5. Verskuil kolom A, B en D.

6. Sentreer die sigblad horisontaal en vertikaal op die bladsy.

7. Stoor die sigblad as V12BSTATS.

8. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(18)
[42]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 12A (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	Die Moeder van alle Pandemies?		**Hoofopskrif: Vetdruk, kursief, sentreer, 16 pt**						
2									
3	Die koronavirus, COVID-19, affekteer 213 lande en grondgebiede in die wêreld en 2 internasionale oordragte.						**Bokas (GEBRUIK 'N FUNKSIE), regsbelyn**		
4			**Sleutel alle bykomende teks in**			**Sentreer opskrifte in ry 6 horisontaal en vertikaal, omvou opskrifte soos aangedui, vetdruk, kursief**			
5									
6	LAND	BEVOLKING	TOTALE GEVALLE TOT DATUM	TOTAAL HERSTEL	AKTIEWE GEVALLE	% GEÏNFEKTEER	KLEIN/GROOT LAND	RISIKO-AANSLAG	STATUS VAN HERTSTEL
7	Suid-Afrika	59 281 463	83 890	44 920	A	B	C	D	E
8	België	11 588 002	60 476	16 751					
9	Swede	10 097 180	56 043	17 349					
10	Nederland	17 133 694	49 319	32 712					
11	Ekwador	17 632 936	49 097	24 123					
12	Portugal	10 197 556	38 089	24 010					
13	**Sentreer**	MEESTE GEVALLE	F	**Sorteer sigblad van laag na hoog volgens TOTALE GEVALLE TOT DATUM**					
14		MINSTE GEVALLE	G						
15		GEMIDDELDE GEVALLE	H						
16									

TOTAAL AFDELING C: 150

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

REKENAARPRAKTYK N6

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1:	
VRAAG 2:	
VRAAG 3:	
VRAAG 4:	

VRAAG 1: INLIGTINGSTELSELS

1.1

(5 × 1) (5)

1.2

(5 × 1) (5)

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

1.3 _____

_____

_____

(3 × 1) (3)

1.4 _____

_____

(2 × 1) (2)

[15]

VRAAG 2: BEDRYFSTELSELS

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

2.6 _____

2.7 _____

2.8 _____

2.9 _____

2.10 _____

(10 × 1) **[10]**

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3: VIRUSSE

3.1 _____

_____

_____

_____

_____

(5 × 1) (5)

3.2

3.2.1 _____

3.2.2 _____

3.2.3 _____

3.2.4 _____

3.2.5 _____

3.2.6 _____

3.2.7 _____

3.2.8 _____

3.2.9 _____

3.2.10 _____

(10 × 1) (10)

[15]

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4: FOUTOPSPORING

4.1 _____

4.2 _____

4.3 _____

4.4 _____

4.5 _____

4.6 _____

4.7 _____

4.8 _____

4.9 _____

4.10 _____

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou